**Dinsdag 11 Augustus**

**Skrifgedeelte: Matteus 3:1-6, 4:17-22; 28:18-20**
**Fokusgedeelte: Matteus 4:17**

## God praat deur Matteus: draai om, onder sy uitvoerende gesag

Deur die Gees gelei (2 Tim. 3:16; 1 Pet. 1:21) begin die eerste optredes in die Matteus-Evangelie met die prediking: Bekeer julle, want die koninkryk van die hemel het naby gekom (3:2; 4:17). In die bergpreek roep Jesus almal "allereers (vir) die koninkryk van God" (6:33) op. Die gelykenisse (prediking in beeld) het keer op keer die koninkryk in die visier. Matteus beteken: gawe van die Here.

Koninkryk van God? Ja, God is in beheer van alles. Hy sorg, Hy bestuur, Hy lei, Hy bepaal, Hy het die sê ... as ons Vader (6:26, 32).

Met twee oproepe begin die werksaamhede van die evangelie: Bekeer julle. Hier moet 'n omkeer kom. Nie meer self in beheer nie. Inteendeel, die eerste saligspreking sê: Geseënd is die wat weet hoe afhanklik hulle van God is (5:3). Nie self die rigting bepaal nie. Nie selfvoorsienend wil wees nie. Nie self in alles die sê wil hê nie. Maak 'n omkeer, want die koninkryk het naby gekom. So naby soos Jesus. Die eis tot bekering vereis: los alles om by Jesus te wees en agter Hom aan te gaan.

Dit is Jesus, wat ná sy opstanding uit die dood sê: alle mag, alle uitvoerende gesag, is in sy hande (28:18).

Daarom is ons troos (ons berusting, ons oorgawe, ons tevredenheid) dat ons nie aan onsself behoort nie, maar aan ons getroue Verlosser, Jesus Christus. Hy het ons losgekoop, Hy het ons bevry (HK 1:1). Ons is in die hande van Hom wat alle uitvoerende gesag in sy hande het. Dan het ons sekerheid van ons versorging, die rigting van ons lewens en die bestuur van al ons lewensake.

Daarom aanvaar ons sy seggenskap. Veral om ander tot navolging van Jesus te lei. Daarvoor moet ons dag vir dag weer omkeer en na sy uitvoerende gesag terugkeer.

*Sing: Skrifberyming 17-1:1, 6*
*Ds. CA (Carel) Jansen (Secunda)*